REKNU US

Algemene nuusgids van die Departement Rekeningkunde

Volume 8 2004 ISSN 1683-1713

# ETIEKMODULE TOEGEVOEG

Die besigheidswêreld is gedurende die afgelope paar jaar by verskeie geleenthede geskud deur bedrogskandale wat by groot besigheidsondernemings voorgekom het. Dit het die kwessie van etiek in besigheidsbesluite en -bestuur op die voorgrond geplaas.

Die Suid-Afrikaanse Instituut van Geoktrooieerde Rekenmeesters (SAIGR) het opnuut besef dat etiese optrede deur geoktrooieerde rekenmeesters van deurslaggewende belang is vir die voortbestaan van die professie. Die SAIGR het dus vroeg in 2004 bekend gemaak dat elke voorgraadse universiteitsprogram vir die opleiding van geoktrooieerde rekenmeesters, wat by die Instituut geakkrediteer is, 'n sake-etiekmodule moet insluit.

'n Voorgestelde leerplan is aan universiteite gesirkuleer vir kommentaar. Die Departement Rekeningkunde van die Universiteit van Stellenbosch het in samewerking met die Department Filosofie die voorgestelde leerplan ondersoek en kommentaar daarop gelewer.

SAIGR verwerk tans die kommentaar en dit lyk asof die finale leerpan eers gedurende 2005 beskikbaar sal wees. Die Departement Rekeningkunde beskou egter etiese besluitneming en optrede as so 'n belangrike kwessie dat daar besluit is om reeds vanaf 2005 sake-etiek op tweedejaarsvlak in die BRekeningkunde-program aan te bied. Die sake-etiekkursus sal deur die Departement Filosofie aangebied word. Dié Departement bied reeds soortgelyke kursusse vir ingenieurstudente aan. Die ontwerp van die kursus is sodanig dat dit nie alleen 'n fondament vir algemene en spesifieke etiese kennis bied nie, maar ook agtergrond verskaf vir die bestudering van die professionele gedragskode van die SAIGR in latere jare.

Die kursus beklemtoon toegepaste eerder as teoretiese etiek en bevat net genoeg teorie vir die verstaan van morele beginsels. Daar word dus dikwels gebruik gemaak van lewensgetroue gevallestudies uit die besigheidswêreld en die professionele omgewing.

'n Verdere interessante aspek is dat die kursus aangepas is om voorsiening te maak vir die realiteite van 'n diverse nasionale en internasionale kulturele omgewing. Dit word gedoen deur 'n kort inleiding tot vergelykende etiek wat daarop gemik is om studente toe te rus vir betekenisvolle verwantskappe met mense waarvan die kulturele agtergrond van hul eie verskil.

## VOORSITTER AS MEDEDEKAAN AANGESTEL

Prof Pierre Olivier, Voorsitter van die Departement Rekeningkunde, is in 2004 as Mededekaan: Beroepsrade van die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe aangestel. Prof Olivier se nuwe aanstelling is 'n deeltydse posisie wat hy saam met sy voorsitterskap beklee. Hy is onder andere verantwoordelik vir akademiese beplanning en ontwikkeling van die onderrigprogramme van die fakulteit waar daar statutêre vereistes bestaan en waar onderrig onder toesig van beroepsrade plaasvind.



## Inge wen Schumann-medalje

Die Schumann-medalje vir die beste nagraadse student in die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe is in 2003 aan Inge van Velze oorhandig vir haar prestasie in 2002. Sy het in daardie jaar die graad HonsBComm-(Finansiële Rekeningkunde) met onderskeiding geslaag. Die medalje word deur Distell geborg.

*Op die foto verskyn (van links na regs) Inge, prof Johann de Villiers (Dekaan) en prof Pierre Olivier, Voorsitter van die Departement Rekeningkunde en voormalige wenner van dié medalje.*

# PUIK PRESTASIES IN PROFESSIONELE EKSAMENS

***Kandidate wat in die Departement Rekeningkunde studeer het, het weer eens uitstekend gevaar in professionele eksamens. Onlangse uitslae van Deel I en Deel II van die Kwalifiserende Eksamen vir geoktrooieerde rekenmeesters, sowel as uitslae van die finale vlak CIMA-vraestelle, is 'n groot bron van trots vir die Departement.***

## Deel I van die Kwalifiserende Eksamen (KE I) van die Suid-Afrikaanse Instituut van Geoktrooieerde Rekenmeesters

Die uitslae van KE I wat in Maart 2004 afgelê is, is op 18 Junie 2004 bekend gemaak. 99% van die studente wat in 2003 die graad HonsBRek aan die US behaal het, het die eksamen geslaag. As die resultate van die studente wat in 2003 'n Nagraadse Diploma in Rekeningkunde behaal het, in ag geneem word, is die slaagpersentasie 96%. Oudstudente van die US het die tweede beste van alle deelnemende universiteite gevaar. Landwyd was die slaagpersentasie vir eerste pogings 56%, terwyl die slaagpersentasie vir alle kandidate 46% was.

## Deel II van die Kwalifiserende Eksamen (KE II) van die Openbare Rekenmeesters- en Ouditeursraad

In die eksamen wat in November 2003 deur die HonsBRek- en NDR-studente van 2001 afgelê is, het die US se oudstudente 'n slaagsyfer van 92% behaal teenoor 'n landwye slaagpersentasie van 61%. Twee van die US se oudstudente, Susan Loubser en Nikki Hanekom, was onder die vyf kandidate landwyd wat die eksamen met onderskeiding geslaag het.

*Prof Pieter von Wielligh het in 2004 lid geword van die Openbare Rekenmeesters- en Ouditeursraad se Eksamenkomitee, terwyl mnr Stiaan Lamprecht in die Suidelike Streek van die Suid-Afrikaanse Instituut van Geoktrooieerde Rekenmeesters se komitee vir Voortgesette Professionele Ontwikkeling dien.*

---

## *PRAKTYKGERIGTE KORT KURSUSSE IN REKENINGKUNDE*

Die Departement het in 2004 praktykgerigte kort kursusse in Rekeningkunde aangebied. Me Anna-Retha van der Merwe van die Finansiële Rekeningkunde-afdeling is verantwoordelik vir die kursusse.

"GAAP for generalists" is in Junie 2004 in-huis vir die finansiële afdeling van Sanlam Lewens aangebied. Die basiese beginsels van AARP-standpunte wat op Sanlam Lewens van toepassing is, is behandel met spesifieke verwysing na die Sanlam Lewens en Sanlam Groep finansiële state.

'n Publieke kursus oor die IASB Verbeteringsprojek is in Junie 2004 by die Departement aangebied en bygewoon deur vennote en bestuurders van ouditfirmas in die Boland-belangegroep en personeel van die Departement Rekeningkunde. Die verbeterings aan dertien nuwe AARP-standpunte, soos deur SAIGR in Maart 2004 goedgekeur en wat van toepassing is op finansiële jaareindes wat begin op of na 1 Januarie 2005, is tydens die kursus bespreek.

## Examinations of the Chartered Institute of Management Accountants (CIMA)

At the CIMA Western Cape Branch AGM held at the Mount Nelson Hotel in Cape Town on 17 March 2004, Mr Francois Söhnge and Ms Samantha Louis of CIMA presented a number of ex-SU students with certificates for their achievements in the May 2003 Final Level examinations. Ms Louanne du Toit obtained the highest mark in South Africa in the Case Study examination, which simultaneously earned her the sixth highest position in the Case Study in the world. Ms Louise Lomberg obtained the highest mark in South Africa in the Information Strategy examination, while Ms Lizelle Stolz's mark for Financial Strategy was the highest in the country. Lizelle also entered the global top ten later in the year, when she finished in joint tenth position in the Business Strategy examination that she wrote in November 2003.

*One of the lecturers involved with the HonsBComm (Management Accounting) programme at the SU, Ms Shelley-Anne Roos, now serves on the CIMA Southern Africa Division's Western Cape Branch committee with the portfolio Student Affairs. Present and prospective CIMA students in the Western Cape can contact her at sroos@sun.ac.za.*

---

Prof Kobus van Schalkwyk van die Departement is in 2004 tot die US se ouditkomitee verkies.

---

Die volgende personeel van die Departement is by die kongres van die Suid-Afrikaanse Rekeningkundige Vereniging tot die bestuur van dié organisasie verkies:

***Nasionaal:***
Me Welma Fourie (Sekretaresse)
***Wes-Kaap streek:***
Me Welma Fourie (Voorsitter), mnr Stiaan Lamprecht (Tesourier), me Shelley-Anne Roos (Sekretaresse)
***Vakverteenwoordigers (Wes-Kaap streek):***
Prof Pieter von Wielligh (Ouditkunde), prof Leon Loxton (Onderrig)


## KORT KURSUSSE

word deur die Departement Rekeningkunde aangebied oor die volgende:

- **IASB Verbeteringsprojek (1 dag)**
- **"GAAP for generalists" (1 dag)**

vir meer besonderhede, kontak Anna-Retha van der Merwe – (021) 808-2685 of avdmerwe@sun.ac.za

 ISSN 1683-1713


The hottest CMAs in town.
Chartered Management Accountant 2005
No-one shines brighter in business than a CIMA qualified manager. Because we educate in financial management, management accounting and business management, we pack in more management content and more strategy than any other accounting qualification. It is easy to see why we seem to have all the bright sparks. You can benefit from our registered learnerships.
CIMA - Chartered Institute of Management Accountants.
Tel: (011) 268 2555 Fax: (011) 268 2556 email: johannesburg@cimaglobal.com
website: www.cimaglobal.com
CIMA

# *PRYSUITDELING 2004*

*Die prysuitdeling ten opsigte van studenteprestasies in 2003 het op 19 Mei 2004 in Die Stal by Coetzenburg plaasgevind. Die funksie is soos gewoonlik deur KPMG geborg en wyn is deur Distell verskaf.*

| INSTANSIE EN TOEKENNING | OORHANDIG DEUR | TOEGEKEN AAN |
|---|---|---|
| **'ASSOCIATION OF CHARTERED CERTIFIED ACCOUNTANTS' (ACCA)** | Me T Modise | |
| Beste tweedejaar BComm-student in Finansiële Rekeningkunde | | Me F Becker |
| Beste derdejaarstudent in BComm(Finansiële Rekeningkunde) | | Me MMW Booyens |
| Beste student in HonsBComm(Finansiële Rekeningkunde) | | Me A Minnaar |
| **BGR OUDITEURE-INGELYF** | Mnr A Scholtz | |
| Twee pryse toegeken aan NDR studente wat die beste vordering toon | | Mnr G Terblanche<br>Me CM Spangenberg |
| **BUTTERWORTHS** | Prof L v Schalkwyk | |
| Twee boekpryse aan verdienstelike BRek-studente | | Mnr H Timoti<br>Mnr GM Snell |
| **INSTITUUT VAN KOMMERSIËLE EN FINANSIËLE REKENMEESTERS VAN SUIDER AFRIKA (CFA)** | Mnr G Webb | |
| Beste eerstejaar BComm-student in Finansiële Rekeningkunde | | Mnr I Roux |
| Beste derdejaar BComm(Kommersiële Rekeningkunde)-student | | Me MC Louw |
| **'CHARTERED INSTITUTE OF MANAGEMENT ACCOUNTANTS' (CIMA)** | Mnr F Söhnge | |
| Beste HonsBComm(Bestuursrekeningkunde)-student | | Mnr CM Huggett |
| **DELOITTE** | Mnr M van Wyk | |
| Beste tweedejaar BRek student in Finansiële Rekeningkunde en Belasting | | Me C Lindenberg |
| Beste derdejaar BRek-student in Finansiële Rekeningkunde en Belasting | | Me L du Plessis |
| **DISTELL** | Mnr B Howard | |
| Beste derdejaar BComm-student in Finansiële Rekeningkunde | | Me MMW Booyens |
| **ERNST & YOUNG** | Me M Delport | |
| Beste vordering in Finansiële Rekeningkunde II deur 'n BRek-student | | Me C O'Callaghan |
| **GREENWOODS** | Mnr A Nardone | |
| Beste derdejaar BRek-student in Finansiële Rekeningkunde | | Me L du Plessis |
| **KPMG** | Mnr E Belstead | |
| Beste eerstejaar BRek-student in Finansiële Rekeningkunde | | Mnr HJ Moller |
| Beste HonsBRek student in Finansiële Rekeningkunde | | Mnr JE van Tiddens |
| **LOUBSER & DU PLESSIS** | Mnr A du Plessis | |
| Tweede beste HonsBRek-student (algeheel) | | Mnr EF Kilian |
| Beste eerstejaar BRek-student | | Me B Schneider |
| **PASTEL SOFTWARE** | Mnr R Perry | |
| Beste student in Inligtingstelsels | | Me L Roelofse |
| **PRICEWATERHOUSECOOPERS** | Mnr H Nel | |
| Beste tweedejaar BRek-student in Ouditkunde | | Me G Ferreira |
| Beste derdejaar BRek-student in Ouditkunde | | Me L Roelofse |
| Naasbeste derdejaar BRek-student | | Me M van Eeden |
| Beste derdejaar BRek-student | | Me L du Plessis |
| Beste HonsBRek-student | | Mnr JE van Tiddens |

 ISSN 1683-1713

VAN DER AHEE
INGELYF - INCORPORATED

*Hierdie bladsy is geborg deur*
*VAN DER AHEE INGELYF, lidfirma van die internasionale groep*

MOORE STEPHENS
CHARTERED ACCOUNTANTS

| INSTANSIE EN TOEKENNING | OORHANDIG DEUR | TOEGEKEN AAN |
|---|---|---|
| **RADEMEYER WESSON**<br>Beste derdejaar BRek-student in Rekeningkundige vakke | Mnr M Strydom | Me L du Plessis |
| **ROUX VAN DER POEL (Toegeken deur PwC)**<br>Merietebeurse aan HonsBRek-studente | Mnr H Nel | Me L du Plessis<br>Me M van Eeden<br>Me J Loxton<br>Me L Roelofse<br>Me JA van Rensburg |
| **SANLAM**<br>Beste derdejaar BComm-student in Rekeningkundige vakke<br>Beste tweedejaar BRek-student<br>Beste tweedejaar BRek-student in Finansiële Rekeningkunde | Mnr J Bester | Me LK Elliot<br>Me M la Grange<br>Me C Lindenberg |
| **DIE SUID-AFRIKAANSE INSTITUUT VAN GEOKTROOIEERDE REKENMEESTERS (SAIGR)**<br>Beste HonsBRek-student in Belasting<br>Beste HonsBRek-student in Ouditkunde<br>Beste HonsBRek-student in Finansiële Rekeningkunde<br>Beste HonsBRek-student in Bestuursrekeningkunde | Mnr K Smith | Me KC Bester<br>Me A van Zyl<br>Mnr J van Tiddens<br>Mnr J van Tiddens |





*Foto links: me Theodorah Modise (tweede van regs) by die ACCA-pryswenners. Foto regs: mnr Francois Söhnge (links) het die CIMA-prys oorhandig.*
(Foto's deur Colin Elliott)



## *Splinternuwe MRek(Rekenaarouditering) lewer eerste graduandi*

'n Splinternuwe Magisterprogram in Rekenaarouditering is in 2002 deur die Department Rekeningkunde ingestel.

Elf studente het vir die program geregistreer. Die eerste sewe graduandi van die program het tydens die Desember 2003-gradeplegtigheid gegradueer, en 'n verdere twee in Maart 2004. Die ander twee studente is steeds besig met hul navorsing.

Prof Pieter von Wielligh, die programkoördineerder, verduidelik dat die program uit 'n gestruktureerde, gedoseerde komponent bestaan wat 75% tot die finale punt bydra, en 'n navorsingskomponent wat die restant van 25% bydra. Studente het die keuse om óf 'n artikel publiseerbaar in 'n geakkrediteerde subsidiedraende vaktydskrif, óf 'n werkstuk van beperkte omvang voor te lê om aan die vereistes van die navorsingskomponent te voldoen.

Bogenoemde sewe studente se navorsing het gehandel oor onderwerpe so uiteenlopend soos "Security issues in Microsoft terminal server environments running over CISCO based VPNS", "An evaluation of the COBIT® executive and management framework: a tool to assist directors in their duty to discharge responsibilities in terms of the King Report [2002] for B2B e-business risks" en vele meer.


"Die feit dat twee studente uit hierdie eerste groep die graad *cum laude* behaal het, is 'n bewys van die gehalte van die studente wat ons trek, maar ook hul toewyding en harde werk saam met hul studieleier, prof Willie Boshoff", sê prof Von Wielligh. "As departement is ons ook besonder trots op die feit dat die graduandi drie van ons personeellede insluit, naamlik me Hanchen Booysen, me Rika Butler en mnr Stiaan Lamprecht."

Die volgende siklus van die program het in 2004 'n aanvang geneem en ses nuwe studente is tans daarvoor geregistreer.


*Verdere inligting rakende die program is by http://www.sun.ac.za/accounting/maccomp.html beskikbaar.*

 ISSN 1683-1713


# NUWE PERSONEEL



**Mnr Soon Nel** doseer sedert Januarie 2004 Bestuursrekeningkunde. Hy het as bestuurder vanaf PwC by die Departement aangesluit. Hy is 'n GR(SA) en het 'n MComm in Ekonomie.



**Mnr Charel Scholtz** het in 2004 as dosent in Ouditkunde en Finansiële Rekeningkunde by die Departement aangesluit. Hy is 'n GR(SA), was voorheen 'n bestuurder by Deloitte, en het sy akademiese kwalifikasies aan die RAU behaal.




**Me Corinna Schwarze**, 'n GR(SA), is in 2004 aangestel en doseer Bestuursrekeningkunde en Finansiële Rekeningkunde. Sy het in 2000 akademiese klerkskap in die Departement gedoen en 'n MRek voltooi, waarná sy by Moores Rowland in Kaapstad en by Media Audits Group in Londen gewerk het. By laasgenoemde as die groep se finansiële rekenmeester.



**Me Maretha Spies** het in Februarie 2004 by die Departement se Finansiële Rekeningkunde-afdeling aangesluit. Sy is 'n GR(SA) wat haar klerkskap by PwC voltooi het, waarna sy by CAMAF, Siltek en Afrox gewerk het. Sy beskik ook oor 'n MComm-graad wat sy *cum laude* aan die RAU behaal het.




**Me Anna-Retha van der Merwe** is 'n oud RAU student wat oorspronklik BComm(Ed) studeer het voordat sy haar as 'n GR(SA) bekwaam het. Sy het in September 2003, vanaf haar pos as senior bestuurder by PwC, by die Departement se Finansiële Rekeningkunde-span aangesluit. Sy was voorheen ook in Londen werksaam by die Global Corporate Reporting Group van PwC.




**Mnr Nico Verhoef** is 'n lid van die Geoktrooieerde Instituut van Bestuursrekenmeesters (CIMA). Hy het aan die Universiteit van Pretoria studeer en doseer nou Inligtingstelsels. Sy vorige ondervinding sluit finansiële bestuurdersposte by Kievitskroon Country Estate en Kapama Private Game Reserve in.

Die Departement se akademiese klerke vir 2004 is, van links na regs, **mnr Michiel Kirchner**, **me Retha Stols** en **mnr Bruwer Engelbrecht**. Al drie het in 2003 die honneursgraad in Rekeningkunde voltooi – Retha aan die UVS en Michiel en Bruwer aan die US.




PRICEWATERHOUSECOOPERS

**Hierdie bladsy is geborg deur PricewaterhouseCoopers**



*Links:* Gretha van Niekerk – tweede in Suid-Afrika in Deel I van SAIGR se Kwalifiserende Eksamen in 2003.



*Links:* Susan Loubser derde in Suid-Afrika in Deel II in 2003.
*Regs:* Nikki Hanekom vyfde in Suid-Afrika in Deel II in 2003.



## DIE TOEKOMS BEHOORT AAN HULLE

Die resultate van die onderskeie dele van die kwalifiserende eksamens word jaarliks met groot afwagting ingewag, nie net deur die kandidate en die firmas nie, maar ook deur die onderskeie universiteite – waarvan die Universiteit van Stellenbosch geen uitsondering is nie. Hierbo verskyn die foto's van drie oudstudente van die US wat onlangs uitstekend gepresteer het. Verdere besonderhede van prestasies in eksterne eksamens verskyn op bladsy 2.

*Foto's deur PwC*

## GEMEENSKAPSDIENS; Departement dra by tot Scimathus-program

Die Universiteit bied tans 'n program (Scimathus) aan vir matrikulante uit voorheen benadeelde gemeenskappe wat as gevolg van hulle omstandighede nie matrikulasievrystelling verwerf het nie, maar tog oor die vermoëns beskik om 'n na-skoolse kwalifikasie te verwerf. Dié studente word vir 'n jaar kosteloos op die kampus gehuisves en ontvang gratis verdere onderrig in sekere vakke. Die Departement lewer 'n groot bydrae tot die sukses van die program. Mnr JJ de Wet dien in die Scimathus-beheerkomitee en me Louise du Pisanie en mnr Nico Verhoef bied Rekeningkunde-lesings aan.

## Touch Rugby

*Staff of the audit firm PwC competed against lecturers of the Department (in the lighter jerseys on the photo) in a touch rugby match held on 11 May 2004 at Coetzenburg. The score was 3 – 1 in favour of the lecturers.*



**Hou *Reknuus* asb. op hoogte van enige verandering in u posadres deur 'n boodskap te stuur na sroos@sun.ac.za, of skakel (021) 808-3085.**

 ISSN 1683-1713

# NAVORSING DEUR PERSONEEL

***Drie personeellede van die Departement is op die oomblik vir PhD-studie ingeskryf: prof Flippie Wessels op die gebied van Inligtingstelsels, prof Pieter von Wielligh in Ouditkunde en me Wilna Steyn in Finansiële Rekeningkunde.***

***'n Opsomming van personeel se navorsingsuitsette en -belangstellings verskyn op die departementele webwerf www.sun.ac.za/accounting.***




**Me Sanelda Louw** het in Junie 2004 getrou en na Oudtshoorn verhuis. Sy is nou Sanelda Beets en is as rekenmeester by die Calitzdorp Koöperatiewe Wynkelder aangestel. Sy het in Oktober 2001 by die Departement aangesluit en het veral Bestuursrekeningkunde op voor- en nagraadse vlak doseer. Besonderhede van die navorsing wat sy voltooi het voor haar vertrek, volg hieronder.

Die US het in April 2004 die graad MRek(Belasting) aan Sanelda Louw toegeken. As deel van die graadvereistes het sy die toepaslikheid van die verskillende Suid-Afrikaanse Inkomstebelastingwetartikels op die aftrekking van sagtewarekoste bepaal. 'n Onderskeid is getref tussen die verskillende aftrekkingsartikels wat van toepassing is op sagtewarekoste in die Inkomstebelastingwet. Sodoende is 'n geskikte belastingaftrekking vir die verskillende tipes sagtewarekoste wat deur die belastingpligtige aangegaan word, voorgestel.

Sagtewarebates of -uitgawes kan in verskillende kategorieë verdeel word na aanleiding van die verkrygingsooreenkoms wat aangegaan is. Die regte en bates wat verkry word, verskil ten opsigte van elke kategorie sagtewarekoste. In sommige gevalle word 'n outeursreg verkry en in ander gevalle slegs 'n gebruiksreg. Verder kan óf intellektuele eiendom, 'n ontasbare bate, en/of 'n tasbare bate verkry word.

'n Literatuurstudie en analise van die verskillende tipes sagtewarekoste en die vier betrokke Inkomstebelastingwetartikels het as agtergrond gedien vir die oorweging van die toepaslikheid van elke spesifieke aftrekkingsartikel in die Inkomstebelastingwet op die onderskeie kategorieë sagtewarekoste. Daarna is die inligting wat bekom is in die literatuurstudie en analise gebruik om die mees toepaslike aftrekkingsartikel vir elke kategorie sagtewarekoste voor te stel.

---



**Mr George Nel** wrote an article entitled "The future of financial reporting on the Internet", which was published in the June 2004 issue of the *South African Journal of Information Management*. An electronic copy of the article is available online at www.sajim.co.za.

Until recently the printed hard copy format was the only option available to companies for the distribution of financial statements. Various means of information technologies have developed over the past decade that can be used by companies to present their financial statements on the Internet. The purpose of the research was to try to determine the future use of information technologies by South African companies in the presentation of their financial statements on the Internet. Conclusions were based on past trends and current developments. Trends identified in South Africa were compared to trends in other countries. It was found that in all countries investigated, as in South Africa, the trend is to use more PDF and less HTML. PDF is the most used format and other technologies are mostly neglected. Although the use of technologies such as Excel, Web casts and Interactive Financial Statements increased over the past two years, none of the companies investigated in South Africa implemented XBRL, compared to a growing number of overseas companies that already implemented XBRL. Factors limiting and supporting widespread XBRL adoption were evaluated. It was suggested that companies that ignore XBRL would be at a disadvantage compared to companies that use this technology in the future.

---

## ONGOING RESEARCH

Prof Nicolene Wesson is researching Limited Purpose Financial Statements, while Prof Linda van Schalkwyk is scrutinizing the constitutionality of the discretionary powers of the Commisioner of SARS, as well as the constitutionality of some of the provisions of the Income Tax Act. A changeover from the amortisation of goodwill to the impairment test is the focus of Ms Adelle Wiese's research. Ms Ellané van Wyk studies Foreign Exchange and Tax Amnesty, while compliance with International Financial Reporting Standards is investigated by Ms Heidi Smith.



**Prof Pieter von Wielligh** doen navorsing oor ouditaspekte van Suid-Afrikaanse langtermyn-versekeringsmaatskappye. Hy het onlangs as PhD-student aan die US geregistreer en die titel van sy proefskrif is "The development of a best practice audit approach to insurance contracts and related earnings of listed South African long-term insurers".

Hy het die afgelope jaar 'n artikel geskryf wat aanvaar is vir publikasie in die 2004-uitgawe van die geakkrediteerde vaktydskrif *Meditari*. Die artikel is getiteld "High inherent risk elements in the financial statements of listed South African long-term insurers". Voorts is hy die skrywer van die volgende artikels wat aanvaar is vir publikasie in die populêre rekeningkundige tydskrif *Accountancy SA*:

- 'n Artikel getiteld "Auditing Standards: Did Theory Adopt Practice", wat belangrike aspekte van 'n aantal nuut- en heruitgereikte Standpunte van Suid-Afrikaanse Ouditstandaarde bespreek.
- 'n Artikel getiteld "To Test or Not to Test: Internal Control Audit Strategies", wat ouditstrategieë rakende interne beheer in verskillende risiko-scenario's by 'n ouditkliënt bespreek.
- 'n Voorbladartikel wat die dilemma van risiko en vergoeding in die ouditprofessie aan die hand van drie mini-gevallestudies uit die praktyk bespreek en voorstelle doen vir die aanspreek van hierdie dilemma in die Suid-Afrikaanse omgewing (geskryf as mede-skrywer saam met me Maretha Spies van die Departement).

Benewens die studieleiding wat hy aan Magisterstudente verskaf waaroor *Reknuus* voorheen berig het, verskaf hy nou ook studieleiding aan 'n Magister-student wat beoog om sekere aspekte van die Sarbanes-Oxley wetgewing wat onlangs in die VSA gepromulgeer is, te ondersoek.




**Prof Leon Loxton's** article "Investor relations on the Internet: an investigation in South Africa" was published on pp. 82-92 in volume 11, 2003 of *Meditari*.

The study investigates the investor relations activities on the Internet of companies listed on the Johannesburg Securities Exchange (JSE). For this purpose, the homepages of the JSE Top 40 companies were searched and screened for investor relations items. Using a three-stage model, the results of the study show that companies use more advanced features of the Internet for investor relations in comparison to previous studies done in other countries. Most companies in SA appear to be in the second stage of Internet investor relations. The leading companies in SA are ready to enter the third stage of Internet investor relations.

**Prof Flippie Wessels'** article "Information technology and the education of professional accountants" was accepted for publication in the July 2004 issue of *Meditari*.

One of the objectives of accounting education at South African universities is to prepare students for positions as professional accountants. The bulk of current education at South African universities focuses on the acquisition of technical knowledge through courses or modules focused on financial accounting. The South African Institute of Chartered Accountants, which is the dominant professional accounting body in South Africa, is mainly responsible for prescribing the body of knowledge that is taught. However, current accounting education is challenged by major changes in the environment in which professional accountants are operating. One of the major factors that affect this environment is the impact of information technology on the accounting profession. The purpose of the article was twofold: firstly, to investigate the extent of the changing environment in which professional accountants will need to operate in future, focusing specifically on information technology; and secondly, to determine the need for future research that will identify strategies for closing the gap between the current education of accountants at South African universities and what will be expected from them in their profession in future.



**Prof Linda van Schalkwyk** het in 2003 'n LLB-graad van Unisa ontvang. Die regskennis kom veral handig te pas by die interpretasie van die Inkomstebelastingwet.



 ISSN 1683-1713

**Mnr Stiaan Lamprecht** het in Desember 2003 die graad MRek(Rekenaarouditering) behaal, en het in sy navorsing op die risiko van ongemagtigde toegang tot elektroniese kommersiële stelsels gefokus.

Hy het ook in 2004 saam met mnr George Nel van die Departement 'n artikel in *Meditari* gepubliseer met die titel "Die toepaslikheid van rekenaargebaseerde assessering: 'n Loodsstudie".

Die konteks van die studie is dat, teen die agtergrond van 'n versnellende inligting-en-kennisrevolusie wêreldwyd en plaaslik, die US 'n e-leerstrategie geïmplementeer het om die ontwikkeling in inligtingstegnologie optimaal te benut. Ter ondersteuning van hierdie strategie het die US WebCT (Web Course Tools) as elektroniese kursusbestuurstelsel in gebruik geneem. As deel van die studie is gesprekke met rekeningkunde-dosente en -studente gevoer, wat egter daarop gedui het dat finansiële rekeningkunde, veral wat sy assesseringsfunksie betref, nie met WebCT getoets kan word nie. Die doel van die studie was om hierdie persepsie te ondersoek aan die hand van literatuur, eie ervaring, studenteleervlakke en studenteterugvoer. Op dié wyse is die WebCT assesseringstegniek met tradisionele metodes van evaluering gekontrasteer. Die bevinding is dat WebCT nie 'n wonderkuur is nie, maar wel in 'n groot klassituasie nuttig in assessering aangewend kan word indien dosente innoverend is.

---

**Ms Rika Butler** has, as part of the degree MAcc(Computer Auditing) which she received in December 2003, researched the topic "B2B and the supplier: Preventing repudiation of orders in an open account system". Her research article on the same topic is presently being considered for publication by an accredited journal.

---

**Ms Shelley-Anne Roos** was awarded the degree MPhil(Futures Studies) with distinction at the SU's December 2003 graduation ceremony. Her research focussed on the role of the management accountant of the future in the prevention of corporate accounting scandals. The research is being considered for publication.

---

**Ms Hanchen Booysen** focussed her research on an evaluation of the COBIT® executive and management framework, and received the degree MAcc(Computer Auditing) in December 2003.

The King Report II on Corporate Governance clearly states that the responsibility for information technology security belongs to company directors and top management. However, the complexity of networked environments associated with e-business and the digital supply chain brought about numerous risks that pose a daunting task for directors who need to discharge of their responsibility to manage risk to an acceptable level.

To assist corporate governance, the use of a control framework is invaluable. The COBIT® framework focuses on information technology and is recommended internationally for IT governance.


In this study the adequacy of COBIT® as a framework to assist directors in their duties regarding B2B e-business risk management in terms of the King Report II recommendations is evaluated against the principles and criteria of Trust Services. Trust Services Principles and Criteria are regarded as the benchmark for e-commerce assurance.

The findings of the evaluation indicate that the COBIT® framework gives adequate guidance to manage information system risks within enterprises.

The framework lacks sufficient guidance for specialised information technologies like B2B e-business discussed in the study.

Directors should be mindful of this fact. Although guidance for managing the unique risks of B2B e-business can be obtained from other sources, e.g. Trust Services, the additional assurance that business partners require for web-based activities seems to be a matter that has as yet not been sufficiently addressed in South Africa.

---



**Me Welma Fourie** en mnr Stiaan Lamprecht het die Suid-Afrikaanse Rekeningkundige Vereniging (SARV) se Internasionale Kongres van 30 Junie tot 2 Julie 2004 in Durban bygewoon. Welma Fourie het 'n aanbieding getiteld "The financial disclosure of HIV/Aids" gedoen. Sprekers van sover as Amerika en Australië het die kongres toegespreek, en onder andere het 'n Russiese delegasie dit bygewoon. Daar is ook baie met ander universiteite genetwerk en daar was deurgaans 'n hoë agting vir die standaard by Stellenbosch. Op bladsy 2 word berig dat van die Departement se personeel by die kongres tot komitees van die SARV verkies is.

---




*Die foto links is in Desember 2003 by die US se gradeplegtigheid geneem van personeel van die Departement wat meestersgrade behaal het. Hulle is, van links na regs, mnr Stiaan Lamprecht, me Rika Butler, me Shelley-Anne Roos en me Hanchen Booysen.*

**Me Wilna Steyn** van die Departement doen navorsing op die gebied van Finansiële Rekeningkunde.

Die harmonisering van Suid-Afrikaanse Algemeen Aanvaarde Rekeningkundige Praktyk met die Internasionale Standaarde het daartoe gelei dat alle Suid-Afrikaanse Standpunte sedert Desember 1994 hersien of vervang is. Die resultaat daarvan was veranderinge in rekeningkundige beleid en metodes wat partymaal meer konserwatiewe hantering as vantevore behels.

'n Struktuurverandering in die berekening van wins, soos 'n verandering in rekeningkundige beleid, bring probleme vir die finansiële analis mee met betrekking tot die gebruik van tydreeks-analise. In die artikel "The time series behaviour of net profit, cash flow from operating activities and accruals of South African listed industrial companies for the period December 1988 to November 2002", wat gedurende 2004 deur die *SA Journal of Accounting Research* aanvaar is, ondersoek Wilna Steyn en Willie Hamman of daar 'n tendens van meer konserwatiewe verslagdoening by Suid-Afrikaanse industriële genoteerde maatskappye aangetref word. Toetse is op die netto wins voor waardevermindering en amortisasie (NwvWA) en die kontantvloei uit bedryfsaktiwiteite (KVB) voor die verklaring van dividende gedoen.

Die kruis-seksionele standaardafwykings van NwvWA en KVB dui die verskil tussen kontantvloei- en toevallingsmetodes mooi aan. Kontantvloeimetodes erken werklike kontant ontvang of betaal en is dus baie meer wisselvallig, terwyl toevallingsmetodes die gelykmaking van winste ten doel het. Die fokus in die opstel van Standaarde het verskuif van die gelykmaking van winste na die vroeëre erkenning van rekeningkundige aansuiwerings in winste. Die klemverskuiwing is duidelik waarneembaar uit die NwvWA wat vir die eerste ses jaar baie gelykmatig is, en gedurende die tweede deel van die tydperk aansienlik meer wisselvallig word (sien grafiek bo-aan hierdie bladsy).




Die daling in die mediaan van NwvWA en 'n toename in maatskappye wat netto verliese oor die 14-jaar tydperk gerapporteer het, was die eerste aanduidings van moontlike hoër konserwatisme. Die kumulatiewe totale nie-bedryfstoevallings van die 74 maatskappye in die studie het geleidelik toegeneem vanaf jaar 1, met 'n verhoging in die toename vanaf jaar 9 (31/12/96-30/11/97) en 'n aansienlike styging in die akkumulasie in jare 13 en 14 (31/12/2000 – 30/11/2002), die jare waarin die meeste nuwe Standpunte vir die eerste keer toegepas is. Dit dui op 'n tendens van groter konserwatisme in rekeningkundige verslagdoening.

***Wil uself of iemand wat u ken, toekomstige kopieë van* Reknuus *in die pos ontvang? Stuur asseblief u naam en adres na sroos@sun.ac.za of skakel (021) 808-3085.***

***'n Elektroniese kopie van* Reknuus *is op die Departement se webwerf beskikbaar: www.sun.ac.za/accounting***



**Me Heidi Smith** (links op die foto) het, saam met me Wilna Steyn (regs) en prof Willie Hamman, in die September 2003-uitgawe van *Accountancy SA* 'n artikel getiteld "Cash flow statements: Part 2 – Basic principles and basic mistakes" geskryf. Heidi Smith en Wilna Steyn se opvolgartikel in die Oktober 2003-uitgawe van dieselfde tydskrif, heet "Cash flow statements: Part 3 – Share buybacks & retirement benefit obligations". Die eerste artikel in dié reeks, wat in Augustus 2003 se *Accountancy SA* gepubliseer is, is deur Wilna Steyn en prof Willie Hamman geskryf met die titel "Cash flow statements: Part 1 – Cash and cash equivalents". Heidi Smith en Wilna Steyn doseer albei Finansiële Rekeningkunde aan die Departement, terwyl prof Willie Hamman aan die US Bestuurskool verbonde is.


Die redaksie van *Reknuus* bedank die volgende persone vir hulle bydrae tot hierdie uitgawe: me Samantha Louis, me Mary-Anne Barnett en CIMA; me Theodorah Modise en ACCA; me Ronél van der Ahee en Van der Ahee Ingelyf; en me Elha Tredoux en die vennote en personeel van PricewaterhouseCoopers wat die publikasie moontlik gemaak het deur middel van hulle borgskappe. Me Annelise Durand, me Celeste Links, me Aletta Slabbert en me Janice Vrijburg word bedank vir inligting en administratiewe bystand; me Soretha Botha, mnre Mike Berry en Norman Dunn van die US Drukkery vir grafiese uitleg en drukwerk; mnr Colin Elliott en PwC vir foto's; me Joan Steel vir proeflees; proff Kobus van Schalkwyk en Pieter von Wielligh en me Anna-Retha van der Merwe vir berigte; alle personeellede wat inligting oor hulle navorsing verskaf het; en prof Pierre Olivier in sy hoedanigheid as Departementele Voorsitter. Die redaksielede is me Shelley-Anne Roos, me Welma Fourie, me Lydia Uys en me Annali Maass. Enige kommentaar kan aan sroos@sun.ac.za gestuur word.


***Instansies wat belang stel om by borgskap van die publikasie betrokke te raak, kan Annali Maass kontak by apaint@sun.ac.za of (021) 808-3429.***



"There have been many changes over 100 years, but ACCA's commitment to integrity, thoroughness and responsibility is still at its core."

Kholeka Mzondeki
General Manager Finance
3M South Africa (Pty) Ltd
ACCA member since April 1996

ACCA is the largest global professional accountancy body. For one hundred years we have been providing opportunity to people around the world. Throughout our history we have put qualities such as high standards, access to the profession, international relevance and innovation at the heart of our work.

+27 (0)11 537 1760 / info@za.accaglobal.com / www.acca100.com

ACCA

one hundred

A CENTURY OF INNOVATION AND RESPONSIBILITY IN ACCOUNTING 1904 – 2004